

Agab vertel van 'n rapport wat na Jerusalem gestuur is waarin JaHshua skandelik belaster word

189 Nadat hy van die terrein af is, kom **Baram** byna uitgeput terug en sê: “Meester vergeef my dit!

Wat ek nou gedoen het, het ek egter nie vir my plesier gedoen nie; maar dit was nie meer uit te hou met daardie slegte, verbasterde soort nie! Jy kan jou die duiwel egter nie erger voorstel as die kêrels wat daarvan oortuig was dat die hele aarde volkome hulle eiendom is nie. Normaalweg sou ek nie so opgewonde daarvoor geraak het nie, maar toe die kêrels U, o Majesteit en Meester, gewoonweg begin aanval, kon ek my geregtigde woede nie meer onderdruk nie en moes ek wel van my eiendomsregte gebruik maak! Moet Uself egter nie daarvoor bekommer nie, want as die kêrels 'n klag sou indien, dan sal ek dit wel beveg en ek sal U wyslik en verstandiglik verontskuldig!”

[2] **Agab** sê: “Vriend, jy kan in elk geval daarmee rekening hou; want die ou booswigte sal nou niks meer dringend te doen hê as om die hele voorval so ongunstig en swart as moontlik aan Jerusalem deur te gee nie. In die eerste plek is dit vir hulle die baie ongunstige werke van die goddelike Meester, dan die feit dat baie in Jesaïra van die Judese geloof afgeval het, vervolgens my gedrag en ten slotte sal hulle Herodes laat weet dat hy hier al sy onderdane verloor het, omdat hulle vir hulleself die Romeinse burgerregte gekoop het! Dit sal in Jerusalem op één slag al die bose geeste wek en dit sou hier baie nare voorvalle kon veroorsaak! Wees dus daarop voorbereid en sorg vooraf vir hulp van die keiser, anders sal die slegte geeste u baie onaangenaamheid besorg.”

[3] **Ek** sê: “Wees jy nie besorg nie, Agab; Ek staan daarvoor in dat daar met die huis van Baram niks sal gebeur nie, maar dat die ou onmense sal doen wat jy gesê het, is waar, maar nóg Baram, nóg jy hoef daarvoor bang te wees. Maar nou gaan ons aan tafel, waar Ek ook na Mirjam en na die seuns van Josef wil luister!”

[4] Verbaas oor die naam Josef, vra **Baram**: “Wat sê U van my meester uit Násaret, waaraan ek soveel te danke het? Hy was nog 'n jong man en al meester in sy vak, toe ek by hom 'n vakman was. Hy het my geduldig en liefdevol al die kunsies van die vak geleer, en hoe gou het hy my nie die beste werk gegee nie en my kosteloos met raad en daad bygestaan nie; - dit sal ek werklik in ewigheid nooit vergeet nie!”

[5] **Ek** sê: “Wel, Mirjam is sy tweede vrou, aan hom deur die tempel as vrou gegee; maar beide die manne wat by haar is, is seuns van Josef se eerste vrou en hulle sit nou die handewerk voort. Maar Ek is liggaamlik die seun van Mirjam en My Naam is JaHshua!”

[6] **Baram** antwoord: “O hoe gelukkig is ek nie dat hierdie eer en barmhartigheid aan my huis bewys word nie! Laat ons nou gou aan tafel gaan, sodat die glorieryke moeder

met beide seuns van Josef nie te lank op ons hoef te wag nie!” Dan gaan ons haastig na die eetkamer, waar ook Mirjam met beide die seuns van Josef op ons wag.

[7] Toe Mirjam My sien, begin sy van vreugde te huil, want sy het My nou al twee maande lank nie gesien nie, ook beide die broers wat My baie liefgehad het. Nadat ons mekaar wedersyds baie hartlik gegroet het, gaan ons almal aan tafel, spreek die dankgebed uit en gebruik dan die goeie en feestelike maaltyd, waaraan Kisjonah, wat My met vrou en dogters tot op hede nie verlaat het nie, ook baie opgewek deelneem en baie bespreek met Mirjam en die twee broers.

[8] Toe ons na die maaltyd aan tafel sit en vanweë die groot hitte wyn verdun met water gedrink het, vra Agab of hy mag praat. Hy moes ons iets belangriks meedeel wat veral saamhang met My persoonlike veiligheid, omdat hy nou pas in die loop van die gesprek te wete gekom het dat Ek die by die volk beroemde en by die fariseërs seer berugte JaHshua van Násaret was, wat in die hele land 'n buitengewone reputasie gehad het. **Ek** sê aan hom: “Vertel wat jy weet!”

[9] **Agab** vertel: “Majesteit en Meester! U het die dogter van ons owerste Jäirus opgewek uit die dood - dit is bekend in die hele streek, - en ook die dogter van 'n owerste uit die Romeinse leër. Wie sou dan nie in die minste daaraan getwyfel het nie, sodat selfs 'n afskuwelike wrede tiran ewig dankbaar sou wees vir so 'n wonderdaad en die wonderdoener 'n plek reg langs homself op die troon sou gee, net soos die farao eens met Josef gedoen het, nadat hy aan hom die droom uitgelê het.

[10] Maar wat doen die tempelgebroedsel, die egte duiwelsknegte? Hulle stuur 'n rapport wat ek jammer genoeg ook moes onderteken, hoewel ek tot op hede nóg van JaHshua, nóg van Sy leer gehoor het nie, en nóg minder van Sy daad iets gesien het. Volgens die afskuwelike rapport is daar nou **allerhande gehuurde spioene en sluipmoordenaars deur die tempel en ook deur Herodes en die Romeinse landvoogde aangestel om U uit die weg te ruim!**

[11] In die rapport wat na Jerusalem gebring is, word daar oor U as **volksbedrieër, verleier en opruier** op so 'n manier kwaad gespreek as wat tot op hede, so ver ek weet, nog met geen mens gebeur het nie. Die dogter van Jäirus sou nie heeltemal dood gewees het nie toe die mense U roep om haar te genees of uit die dood op te wek nie, maar sy sou heeltemal niks makeer het nie en sou, om U te beproef, net maar die dood nagemaak het! Toe U kom en “**Talitha kumi**” aan haar sê, word dit vir die owerste heeltemal duidelik dat U 'n bedrieër was en geen verstand van die ware geneeskunde gehad het nie; want as U as geneser 'n mens en sy kwale kon beoordeel, dan sou U met die eerste oogopslag al gesien het dat die meisie nie dood was nie, maar daarby ook nog kerngesond was!

[12] Weliswaar is die Romeinse owerste, ek glo dat hy Cornelius heet, wie se kneg of dogter U ook opgewek het uit die dood, nie daarmee eens nie; maar wat kan hy alleen teen so `n massa valse getuienisse doen!

[13] Beste, dierbaarste vriend, Majesteit en Meester! Ek sou U nog veel kon vertel; maar ek sien dat dit wat ek U volgens die waarheid vertel het, U bedroef gemaak het. Omdat die laster oor U te duiwels gemeen is, swyg ek maar oor al die ander; dit is voldoende dat ek U van die belangrikste op hoogte gebring het. Die beste van die hele saak is nog dat die satan dom is en deur iemand wat werklik wys en verstandig is, gemaklik geskaakmat kan word, wat in U geval des te makliker sal gaan omdat U buitengewoon wys is! Laat ons dan maar nie meer daaroor praat nie!

[14] Vir U is ek weliswaar maar `n baie eenvoudig mens; maar die slegte booswigte draai ek almal baie maklik om elke vinger! En ek vind dit sekerlik geen sonde om die satan so hard as wat maar moontlik is teen die muur te laat loop nie. Want dit dwing hom om homself weer vir `n tydjie baie beskeie van die gevegsterrein terug te trek; en so win die wyse en verstandige mens weer tyd om sy gees met edeler sake besig te hou in stede daarvan om steeds maar met die satan rusie te maak."

Mirjam vertel hoe die tempeldienaars haar uit haar huis verdryf het. Die leer van die Ryk van die hemele

190 Toe sê **Mirjam**: "My Meester en My Seun! Wat die jong man Jou nou hier vertel het, is heeltemal waar en ek het juis daarom na Jou toe gekom om Jou te vertel dat ek vanweë Jou letterlik uit my huis gejaag is. Wat moet ek nou doen met diegene wat, uiteraard slegs in `n aardse sin, Jou broers en susters is? Want ek weet wel dat Jy op aarde geen verwante het nie, **behalwe Jou leerlinge wat Jy in Jou hart het.**

[2] Ons karige besittings is verlore; die slegte fariseërs het dit in beslag geneem en hulle het ons woning saam met die tuin vol gewasse aan `n vreemde verkoop! Kyk, ek en Jou broers en susters is nie meer so jonk om die sware daglonerswerk te doen nie; en ook al sou ons dit wil doen, dan het die slegte tempelheersers onder bedreiging van sware strawwe al die Judeërs verbied om ons wat wil werk dit te gee, en ewemin om `n aalmoes te gee! Wat moet ons nou doen en waarvan moet ons nou lewe?"

[3] Toe sê **Baram en Kisjonah** tegelyk: "Hooggeëerde moeder vir wie die Elohim se eindelose barmhartigheid waardig bevind het om deur haar die Allerhoogste Seun van al die hemele in hierdie slegte wêreld te laat gebore word, maak u vir uself maar geen sorge meer daaroor nie! Kyk, in die eerste plek is ons staatkundig gesien geen Judeërs meer nie, maar na buite toe is ons Grieke, hoewel ons in ons hart egte Mosaïese Judeërs is! Beide van ons - die Meester van al die lofprysinge; kom daarom

met al jou verwante by ons woon en u sal niks tekort kom nie!"

[4] **Ek** sê: "Vriende! Julle voorstel is balsem vir My hart! **My seën en My barmhartigheid sal ewig julle deel wees.** Maar eers sal Ek na my huis gaan en kyk met watter reg die slegte booswigte die kleine en met veel moeite verkreeë besitting van My moeder, Josef se regmatige vrou, geroof het.

[5] Dan sal Ek ook met Jairus `n paar woordjies moet praat, **want sy dogter sal weer siek word** en dan sal hy na My toe kom. En Ek sal dan met hom praat. Ons sal nou egter, omdat dit werklik so ernstig is en die slegte hellegebroedsel vir ons op al die weë lokvalle gestel het, dadelik vertrek en met die meer opvaar; sodat ons in geen lokval sal val nie!

[6] Aan die meer sal Ek eers die volk nog deur middel van beelde van die een en ander oor die Ryk der hemele onthul, sodat niemand homself later kan verontskuldig deur te sê nie: "Hoe sou ek dit kon glo en doen, terwyl ek nooit iets daarvoor gehoor het nie?" As die ou booswigte kom, dan moet die volk hulle nie teëhou nie, sodat hulle hulleself later nog minder sal kan verontskuldig.

[7] Vriend Kisjonah, gaan jy nou en maak jou groot skip klaar; want dit sal ons wel nodig hê!" Kisjonah staan met syne op en gaan om aan My wens te voldoen.

[8] Baram vra My egter, omdat Ek nie meer in sy huis kan en wil bly nie, of hy My mag begelei.

[9] En **Ek** sê: "Net so ver en net solank as wat jy wil! Want Ek het nog nooit `n eerlike en egte versoek van iemand afgewys of onbeantwoord gelaat nie!" Baram reël derhalwe sy sake, gee sy vrou en kinders instruksies oor wat hulle tydens sy afwesigheid moes doen en hoe hulle teen slegte vyande moes optree. Vervolgens neem hy goud saam en gaan saam met ons almal na die meer, en `n baie groot volksmenigte volg ons te voet. (*Matthéüs. 13:1*)

[10] Ook die ou fariseërs bly nie agterweë nie, alhoewel hulle hulleself verklee het, sodat die volk hulle nie kon herken nie. Toe ons by die meer kom, dring **die volk** onder die voortdurende roep van "Ere aan die Seun van Dawid!" so digby die oewer aan, dat Ek met My verwante geen plek meer gehad het om te staan nie en My talryke leerlinge nog minder.

[11] Daarom sê **Ek** aan Kisjonah: "Laat die trap op die oewer sak; ons moet op die skip, want die land word vir ons te eng!" Kisjonah laat gou die trap neer en ons klim dadelik op die skip. (*Matthéüs. 13:2*) Maar omdat die volk My op die skip op sien gaan het, dink hulle dat Ek dadelik sou wegvaar. Daarom begin hulle My hardop te vra of Ek die beloofde leer van die hemelryk sal gee!